



**AANSOEK OM DEERNISSTEUN (R4 500 OF MINDER PER MAAND) 2021 -2022**

**BEANTWOORD ASSEBLIEF DIE VOLGENDE VRAE VOOR JY OM DEERNISSTEUN  
AANSOEK DOEN:**

NO	VRAAG	JA	NEE
1	Is jy agterstallig met jou munisipale betalings?		
	As jy "Nee" op vraag 1 geantwoord het, kan jy om deernissteun aansoek doen – gaan na bladsy 2 van hierdie vorm.		
	As jy "Ja" op vraag 1 geantwoord het, gaan aan na vraag 2.		
2	Is enige van die agterstallige gelde op hierdie munisipale rekening na 1 Julie 2009 afgeskryf ingevolge die deernisbepalings in die beleid oor kredietbeheer en skuldinvordering?		
	As jy "Nee" op vraag 2 geantwoord het, kan jy om deernissteun aansoek doen – gaan na bladsy 2 van hierdie vorm.		
	Indien jy "Ja" op vraag 2 geantwoord het, gaan aan na vraag 3:		
3	Het jy 'n reëling getref om die geld wat jy aan die munisipaliteit skuld, af te betaal?		
	As jy "Nee" op vraag 3 geantwoord het, moet jy 'n reëling tref om die agterstallige gelde te betaal voor jy om deernissteun aansoek kan doen.		
	As jy "Ja" op vraag 3 geantwoord het, kan jy om deernissteun aansoek doen – gaan na bladsy 2 van hierdie vorm.		

## VERKLARING DEUR EIENAAR(S) OF AANSOEKER(S)

Aan: Stad Kaapstad  
Burgersentrum  
Hertzog-boulevard 12  
Kaapstad  
8000

Aandag: Die direkteur: inkomste

Ek/ons, die ondergetekende ..... (vul jou naam en van volledig in), doen hiermee aansoek om deernissteun ingevolge die Raad se beleid oor kredietbeheer en skuldinvordering.

Die volgende vrae het op al die name hierbo betrekking.

Al die mense wie se name hierbo genoem word, moet al die vrae in deel D op bladsy 7 van hierdie vorm beantwoord. Deel D is ook deel van die verklaring/bevestiging. Ten minste een persoon moet "Ja" op ten minste een antwoord in deel D antwoord, anders kan jy nie met hierdie aansoek voortgaan nie.

As jy "Ja" op ten minste een vraag in deel D geantwoord het, kan jy voortgaan met deel A.

### DEEL A

NO	VRAAG	JA	NEE
A1	As die eiendom vir besigheid gebruik word, word 60% of meer daarvan as 'n private woning gebruik?		
A2	Is die inkomste R4 500 of minder per maand? (Hierdie inkomste verwys na die maandelikse huishoudelike inkomste van beide die eienaar en gade of lewensmaat insluitend enige party in 'n saamleefverhouding vanuit alle bronne, insluitend (maar nie beperk nie tot) salarisse, lone, dividende, pensioene, toelaes, huurgeld, losiesgeld, rente ontvang en enige inkomste uit beleggings, voor enige aftrekkings, .		
A3	Besit jy net een onroerende eiendom in Suid-Afrika of elders?		
A4	Is jy 'n voltydse okkupeerder van die eiendom?		

A5	As jy jou elektrisiteit by die Stad Kaapstad kry en NIE 'n koopkragmeter het nie, het jy aansoek gedoen dat een by jou geïnstalleer word?		
----	---	--	--

## DEEL B

**Vul asseblief die volgende besonderhede in:**

**Besonderhede van eiendom:**

Munisipale rekeningnommer vir die eiendom	
Erfnommer	
Adres van eiendom	
<b>Jou besonderhede:</b>	
Van	
Naam(e)	
Geboortedatum	
Woonadres	
Posadres	
Identiteitsnommer	
Huistelefoonnommer	
Selfoonnommer	
Naam van werkgewer	

Adres van werkgewer	

**Gade se besonderhede:**

Van	
Naam(e)	
Geboortedatum	
Woonadres	
Posadres	
Identiteitsnommer	
Huistelefoonnommer	
Selffoonnommer	
Naam van werkgewer	
Adres van werkgewer	
Werkstelefoonnommer	

**DEEL C**

Nommer	Vraag	Ja	Nee
C1	Is jy getroud of woon jy saam met 'n lewensmaat?		
C2	Is jy of jou gade of lewensmaat 'n lid, direkteur en/of vennoot in onder meer enige sake-organisasie, korporatiewe entiteit, vennootskap of firma?		
C3	Het jy of jou gade of lewensmaat enige aandele, effekte en/of ander finansiële belange in enige sake-ondernemings?		
C4	Is jy of jou gade of lewensmaat 'n alleeneienaar, vennoot, lid, aandeelhouer of direkteur in enige sakeonderneming?		
	As jy "Ja" op vraag C2 en/of C3 en/of C4 geantwoord het, vul asseblief die volgende ry in		
Naam van die sake-organisasie, korporatiewe entiteit, vennootskap of firma			
Registrasienuommer			

- Jy moet 'n gesertifiseerde afskrif van die sake-organisasie, korporatiewe entiteit, vennootskap of firma se registrasiedokumente saam met hierdie aansoek indien
- Verskaf enige inkomste wat uit die sake-organisasie, korporatiewe entiteit, vennootskap of firma verkry word in die tabel direk hieronder

**Besonderhede van die eienaar(s) van die eiendom waarop hierdie aansoek betrekking het, asook sy/haar/hul gade of lewensmaat:**

Voorletters en van	Verwantskap met rekeninghouer	ID-nommer	Bruto maandelikse inkomste R	Bron van inkomste	Hét werk		Bewys van inkomste	
					Ja	Nee	Ja	Nee

<b>Totale bruto maandelikse inkomste</b>								

**Jy moet gesertifiseerde afskrifte van die volgende dokumente saam met hierdie aansoek indien:**

**Indien jy werk hét:**

- Bewys van identiteit (soos jou identiteitsboekie)
- Jongste salaris-/loonstrokie, of 'n brief van 'n werkgewer ter bevestiging van jou inkomste
- As jy vir jouself werk, 'n beëdigde verklaring waarin genoem word hoeveel jy per maand verdien
- Bewys dat jy 'n ongeskiktheidstoelae of pensioen ontvang
- 'n Bankstaat vir die afgelope drie maande of 'n beëdigde verklaring dat jy nie 'n bankrekening het nie
- 'n Verbandstaat vir die afgelope drie maande of 'n beëdigde verklaring dat jy nie 'n verband het nie

**As jy nie werk het nie:**

- Bewys van identiteit (soos jou identiteitsboekie)
- 'n Beëdigde verklaring dat jy nie werk het nie
- 'n Beëdigde verklaring dat jy geen ander bron van inkomste het nie
- 'n Bankstaat vir die afgelope drie maande of 'n beëdigde verklaring dat jy nie 'n bankrekening het nie
- 'n Verbandstaat vir die afgelope drie maande of 'n beëdigde verklaring dat jy nie 'n verband het nie

**Bestorwe boedels:** verskaf asseblief die volgende gesertifiseerde dokumente

- Brief van eksekuteurskap van die Meesterskantoor; of
- 'n Testament geregistreer en aanvaar deur die Meesterskantoor; of
- 'n Beëdigde verklaring as naasbestaande van die Meesterskantoor.

**Verklaring**

**Dit moet onderteken word deur:**

- **Die eienaar(s) asook sy/haar/hul gade of lewensmaat, of**
- **Die aansoeker(s)**

- a) Ek besit geen ander onroerende eiendom in Suid-Afrika of elders nie.
- b) Ek sal die direkteur: inkomste onmiddellik skriftelik laat weet van enige verandering in my status wat my as deernisgeval diskwalifiseer.
- c) Ek stem saam dat as ek oor my kwalifiseringskriteria gejok het om by die Raad se deernisverligting te kan baat, ek 'n oortreding begaan het en dat alle deernisvoordele wat ek ontvang het, is, teruggeneem sal word. Ek sal aan die gewone skuldinvorderingsprosedures onderwerp word.
- d) Alle inligting wat ek in hierdie aansoek verstrek het, is na my beste wete waar en korrek.
- e) Ek verstaan dat as ek meer water gebruik as die gratis hoeveelheid wat ek elke maand ontvang en nie vir die ekstra waterverbruik betaal nie, my toevoer beperk kan word. Ek sal dan net my gratis hoeveelheid water ontvang.
- f) Die Raad kan 'n ondersoek doen om enige inligting wat ek voorsien het, te bevestig, en ek stem in dat enige munisipale amptenaar die perseel kan besoek.
- g) Ek aanvaar dat as hierdie aansoek suksesvol is, dit slegs vir 12 maande vanaf die goedkeuringsdatum geldig sal wees, en dat dit my verantwoordelikheid is om weer voor die vervaldatum aansoek te doen, of
  - (i) Ek aanvaar dat, omdat ek 60 jaar of ouer is, my aansoek, indien suksesvol, slegs geldig sal wees totdat die volgende algemene waardasie of aanvullende waardasie in werking tree, en dat dit my verantwoordelikheid is om weer voor die vervaldatum aansoek te doen. Die Raad sal ook enige skuldinvorderingstappe vir hierdie tydperk opskort of totdat ek nie meer 'n deernisgeval is nie, wat ook al eerste gebeur.
- h) Ek verstaan dat as my aansoek suksesvol is, die Raad enige skuldinvorderingsaksie vir 12 maande na die goedkeuringsdatum sal opskort of totdat ek nie meer as 'n deernisgeval kwalifiseer nie, wat ook al eerste gebeur.
- i) Hierdie aansoek is onderworpe aan die bepalings en voorwaardes van die Raad se Verordening en Beleid oor Kredietbeheer en Skuldinvordering.

.....

**Handtekening van aansoeker(s)**

**Datum**

**SLEGS VIR KANTOORGEBRUIK**

	<b>VOLLE NAAM VAN AMPTENAAR (drukskrif)</b>	<b>DATUM</b>	<b>HANDTEKENING</b>

Alle inligting en dokumentasie verskaf			
Goedkeuring deur gemagtigde skuldbestuursampenaar			
Gemagtig deur toesighouer			
Nie goedgekeur nie			
Indien nie goedgekeur nie, verstrek redes			

### DEEL D

NO	VRAAG	JA	NEE
<b>D1.1</b>	Is jy die geregistreerde eienaar van die eiendom?		
<b>D1.2</b>	Woon jy in 'n huishouding waarvan 'n kind aan die hoof staan en wat in die naam van jou oorlede ouer(s) geregistreer is? (Gesertifiseerde afskrif van die ouer(s) se doodsertifikaat moet saam met die ander vereiste dokumente verskaf word)		
<b>D1.3</b>	Is jy 'n koper van 'n residensiële eiendom van enige regeringsdepartement op 'n verdraagde-oordraggrondslag?		
<b>D1.4</b>	Het jy die eiendom na 'n egskeiding deur 'n hofbevel gekry? (Gesertifiseerde afskrif van die hofbevel moet saam met die ander vereiste dokumente verskaf word)		
<b>D1.5</b>	Woon jy op 'n eiendom waar 'n bestorwe boedel nog nie afgehandel is nie? (Gesertifiseerde afskrifte van die doodsertifikaat, eksekuteursbrief en testament moet saam met die ander vereiste dokumente verskaf word). Indien wel, antwoord die volgende vrae:		
<b>D1.5a</b>	Het jy die eiendom geërf na iemand dood is?		
<b>D1.5b</b>	As jy in gemeenskap van goedere getroud was, is jy die enigste erfgenaam van 'n eiendom wat in beide jou naam en dié van jou oorlede gade geregistreer is?		
<b>D1.5c</b>	As jy in gemeenskap van goedere getroud was, is jy een van die erfgenames van 'n eiendom wat in die naam van jou oorlede gade geregistreer is?		
<b>D1.5d</b>	As net 'n deel van 'n eiendom in die naam van die oorledene geregistreer is, is jy die oorlewende geregistreerde eienaar, saam met ander eienaars?		



<b>D1.5e</b>	As net 'n deel van 'n eiendom in die naam van die oorledene geregistreer is, is jy een van die oorlewende geregistreerde eenaars, saam met ander eenaars?		
<b>D2</b>	As die residensiële eiendom in die naam van 'n trust geregistreer is, is jy tans 'n lid van die trust? (Gesertifiseerde afskrif van die trustdokument moet saam met die ander vereiste dokumente verskaf word)		
<b>D3</b>	Het jy die reg gekry om die eiendom vir die res van jou lewe te gebruik, met ander woorde het jy vruggebruik van die eiendom? (Gesertifiseerde afskrif van die bewys moet saam met die ander vereiste dokumente verskaf word)		
<b>D4</b>	Is jy die gade of minderjarige kind van die geregistreerde eenaar wat nie weens eie toedoen nie, nie op die eiendom kan woon nie? (Gesertifiseerde afskrif van die bewys moet saam met die ander vereiste dokumente verskaf word)		

LET WEL! Die name van AL die mense wat op 'n residensiële eiendom woon en aan enige van die kriteria hierbo voldoen, moet op bladsy 2 van hierdie aansoekvorm genoem word.

As jy "Ja" op enige van die vrae in deel D geantwoord het, kan jy met hierdie aansoek voortgaan deur na deel A op bladsy 2 van hierdie vorm te gaan.